basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## MEI/JUNIE 2025

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

Goedgekeur:
Dr. D.C. Lawrence
Eksterne Moderator

28 Mei 2025

Goedgekeur:
Mev. A. Venter
Interne Moderator

28 Mei 2025

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
28 -05- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 1**

**TEKS A: SUID-AFRIKA SE TROTS**
[Verwerk uit *Huisgenoot*, 29 September 2016, *Wikipedia*, e.a.]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | Covid/(Die) (Covid-)pandemie | 1 |
| 1.2 | • Kaapstad<br>• (Nasionale) Krugerwildtuin | 2 |
| 1.3 | (Afrika)-pikkewyne/swart en wit (see)(voëls) | 1 |
| 1.4 | • (Mens kan nog hulle) rotstekeninge (daar sien).<br>• Die San se tekeninge het behoue gebly/is hier ontdek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.5 | (Met die) (1820-)setlaars | 1 |
| 1.6 | "nagemaakte"<br>*(Slegs EEN woord. Penaliseer nie indien die kandidaat nie aanhalingstekens gebruik nie.)* | 1 |
| 1.7.1 | Figuurlik | 1 |
| 1.7.2 | • Gauteng is die middelpunt van SA se ekonomie.<br>• Gauteng hou die ekonomie aan die gang.<br>• Die meeste geld is in Gauteng/word in Gauteng gegenereer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord by VRAAG 1.7.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.7.2 te verdien.)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.8 | • Afrika-wildekat<br>• Wildehonde<br>• Swartwitpense<br>• Cheetah<br>*(Enige TWEE)* | 2 |
| 1.9 | perde<br>*(Slegs EEN woord)* | 1 |
| 1.10 | • Koningin Elizabeth was baie jare gelede daar.<br>• Daar staan 'n treintrok waarmee die koningin baie jare gelede gery het.<br>• Die Royal Coach (waarmee die koningin baie jare gelede gery het,) staan daar.<br>• Koningin Elizabeth se geskiedenis word nog hier erken.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | • Dit is die enigste nasionale park in die Vrystaat.<br>• Daar is net een nasionale park in die Vrystaat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12 | (Die) Brandwag(rots) | 1 |
| 1.13 | • Daar is (heerlike) swemstrande<br>• Ek kan daar swem.<br>• Die see is natuurlik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.14 | ('n/die) seekoei(e) | 1 |
| 1.15.1 | E/die Uilhuis | 1 |
| 1.15.2 | F/Die 'plek van groot geraas' | 1 |
| 1.15.3 | A/Gold Reef City se Erfenistoer | 1 |
| 1.15.4 | C/teelsentrum vir cheetahs | 1 |
| 1.15.5 | B/die Umgeni Stoomtrein | 1 |
| 1.16 | • Die prente wys vir my hoe die plekke lyk (waarvan ek gelees het).<br>• Die prente pas by die inligting.<br>• Die prente laat my lus voel om die plekke te besoek.<br>• Dit prikkel my aandag./Ek wil meer daaroor lees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
28 -05- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.17 | • Ek het gelees van plekke waarvan ek niks geweet het nie en graag wil sien.<br>• Ek sal dit graag self wil sien.<br>• Ek het nie geweet dat daar soveel verskillende dinge in die provinsies is nie.<br>• Ek sal nou my vakansies kan afwissel.<br>• Dit het my geleer om my eie land te waardeer.<br>• Ek sal vir ander mense meer van my land kan vertel.<br>• Ek sal toeriste kan help om meer plekke te ontdek.<br>• As ek die plekke besoek, het ek reeds inligting daaroor.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanvaar ook as kandidaat antwoord begin met "('n) Mens"/"Jy". "Hy"/"Sy" word NIE aanvaar NIE. Die kandidaat kan ook fokus op die artikel wat hom/haar inspireer.)* | 1 |

**TEKS B: ADVERTENSIE**
[Verwerk uit *Die Burger*, 9 September 2023]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.18 | "NAVORSING"/"Navorsing"/"BEWYS"/"bewys"<br>*(Slegs EEN woord. Penaliseer nie indien die kandidaat nie aanhalingstekens gebruik nie.)* | 1 |
| 1.19 | • (In) (die) koerant<br>• (In) *Die Burger* (van 9 September 2023)<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.20 | • Dit sê dat Simba-skyfies/tjips/chips die beste skyfies/tjips/chips is/die koning van alle skyfies/tjips/chips is.<br>• Dit wys dat die skyfies/tjips/chips gepas is vir 'n koning/koningskos is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.21 | • Die lyne verbind die geskrewe inligting met die visuele inligting.<br>• Die lyne wys vir ons watter produk se pryse gelys is/lig die produk/ pryse uit.<br>• Die lyne skakel die inligting saam/koppel die produk aan die inligting.<br>• Dit wys vir jou watter prentjie by watter inligting pas.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.22 | • Jy kry 120 g (agurkies) **meer** (by Woolworths), al betaal jy 'n bietjie **meer**./Al betaal jy 'n bietjie **meer**, kry jy **meer** (agurkies) (as by die ander winkels)./Jy kry 385g/**meer** (agurkies by Woolworths).<br>• Woolworths se verpakking is **groter** (as by die ander winkels).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
28 -05- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.23 | • Ek kan sien wat die produkte my gaan kos.<br>• Ek kan 'n behoorlike begroting uitwerk.<br>• Ek sal weet waar om die goedkoopste produkte te koop.<br>• Ek sal kan uitwerk hoeveel van 'n produk ek nodig het vir die getal gaste wat by die partytjie gaan wees.<br>• Ek kry idees vir peuselhappies vir 'n partytjie.<br>• Ek kan geld spaar deur die item by die plek waar dit goedkoop is, te kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanvaar ook as kandidaat antwoord begin met "('n) Mens"/"Jy". "Hy"/"Sy" word NIE aanvaar NIE.)* | 1 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
  - 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken
  - Toegewing: Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar een daarvan is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir die taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir die opsomming.

  Indien die kandidaat **net 1 direkte aanhaling** het, verdien die kandidaat net 1 punt vir die aanhaling en geen punte vir taal nie.

**Getal woorde:**
- Nasieners moet die getal woorde verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde ná die 70-woordegrens aan lees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming ná die sin waarin die 75ste woord voorkom.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001

**VRAAG 2**

**TEKS C: DIE NADELE VAN SOSIALE MEDIA**
[Verwerk uit verskeie bronne]

| DIREKTE AANHALING | | EIE SINNE |
|---|---|---|
| Sosiale media is baie gewild onder tieners en jongmense, maar dit hou ook baie nadele vir hulle in. Hier volg 'n paar sulke nadele.<br><br>Baie van ons kinders is **onaktief en oorgewig**. Hulle bestee eerder tyd aan sosiale media as om **fisiese oefening** te kry. | 1 | Baie kinders kry nie genoeg fisiese oefening nie./Gebrek aan fisiese oefening is as gevolg van lang ure besig wees met sosiale media./Baie kinders raak onaktief en oorgewig. |
| Tieners bly **tot laat wakker** om deur sosiale media te blaai en te blaai. 'n Studie deur navorsers in Londen het bevind dat dit tot **slaaploosheid** onder tieners lei. | 2 | Baie tyd op sosiale media laat jou minder slaap/slegter slaap/hou jou wakker/lei tot slaaploosheid./Baie tieners blaai tot laat in die aand deur sosiale media./Sosiale media benadeel jou slaap. |
| Kommunikasie op sosiale media beteken dat 'n mens met en deur 'n **skerm** met ander gesels. Mense **kruip agter emotikons** en afkortings soos 'LOL' **weg**. Op hierdie manier kan 'n mens **nie altyd seker wees wat ander dink of voel nie**. | 3 | Mense is onseker oor wat ander dink en voel./Sosiale media veroorsaak dat mense mekaar nie regtig ken nie./Mense gebruik emotikons/skerms om weg te kruip. |
| Nog 'n probleem wat hieruit voortvloei, is dat mense **bang is om direk mens tot mens te praat.** Dit skep probleme in verskillende werksituasies. | 4 | Mense verloor hulle persoonlike kommunikasievaardighede./Mense verleer om direk met/voor ander mense te praat. |
| Sosiale media laat mense maklik toe om 'n **vals beeld** van hulleself en hulle leefwêreld te skep. Hulle deel graag net die mooiste en die beste. Dit kan veroorsaak dat ander mense wat al hierdie goed sien, **depressief** raak omdat hulle eie lewens nie so mooi en goed is nie. | 5 | Dit kan depressie veroorsaak./Dit wat mense op sosiale media sien, kan hulle depressief laat voel./Mense kan 'n vals beeld van hulleself skep. |
| Dit maak ook die deur oop vir ander probleme. **Boelies** gebruik die kans om mense seer te maak, want hulle kan daarmee wegkom. | 6 | Boelies misbruik sosiale media om ander seer te maak./Deur sosiale media kan jy die slagoffer van boelies word. |
| Daar word baie inligting op sosiale media gedeel. Dit sluit **fopnuus** en **propaganda** in. Die nadeel hiervan is dat mense **nie altyd weet wat waar is of nie.**<br><br>Onthou: Wees versigtig met sosiale media! | 7 | Die groot hoeveelhede inligting op sosiale media verwar mense/maak dit moeilik om te onderskei./Te veel/verkeerde/valse inligting/propaganda op sosiale media oorweldig mense./Mense se oordeel oor wat waar en onwaar is, word beïnvloed./Mense kan dalk nie tussen fopnuus/propaganda en waarheid onderskei nie.<br><br>WOORDE: 54 (of meer/minder) |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001

**AFDELING C: TAAL**
**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**
[Eie Teks]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | ontspanne | 1 |
| 3.2 | • Daar is verskillende lettertipes en lettergroottes/hoofletters. (Aanvaar NIE "groot woorde" NIE.)<br>• Sekere woorde is in vetdruk/word met uitroeptekens uitgehef.<br>• Daar is (heelwat) prente/foto's wat die leerareas voorstel.<br>• Die mense in die prente lyk gelukkig/asof hulle geniet wat hulle doen.<br>• Die laggesiggies laat 'n mens positief voel/wys dat jy die lesse sal geniet/lekker gaan leer.<br>• Vrolike emoji's (word as kolpunte gebruik).<br>• Daar is heelwat inligting./Die inligting is netjies/eenvoudig uiteengesit.<br>• Daar is verwysing na sosiale media.<br>• Ouderdom speel nie 'n rol nie/mense van enige ouderdom kan by hierdie sentrum leer.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 3.3 | waarin *(sp)* | 1 |
| 3.4 | 'n lys van dinge genoem word | 1 |
| 3.5 | • Dit ondersteun die positiewe stemming van die advertensie.<br>• Die laggesiggies laat 'n mens positief/gelukkig voel/wys dat jy die lesse sal geniet/lekker gaan leer.<br>• Dit stel voor dat die kursusse 'n aangename leerproses gaan wees.<br>• Dit trek dadelik my aandag na wat prettig kan wees.<br>• Dit trek jou aandag/maak die advertensie interessant.<br>• Dit motiveer mense om verder te lees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.6 | • Dit gee jou vertroue in die kursusse.<br>• Jy weet jy gaan nie jou geld mors met iemand wat nie weet wat hulle doen nie./Hulle is slim/weet wat hulle doen.<br>• Jy weet jy gaan waarde vir jou tyd/geld kry.<br>• Jy gaan goed opgelei/geleer word in die area waarin jy belangstel.<br>• Jy gaan jou vaardighede goed kan ontwikkel.<br>• Jy weet die persone sal jou die beste kan help.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.7 | D/tevrede voel met alles wat hulle van die leersentrum uitgevind het. | 1 |
| 3.8 | • Dit laat toe dat meer mense die kursusse kan bywoon.<br>• Mense sal die kursusse in hulle eie skedules kan inpas.<br>• Dit laat toe dat mense wat in die oggende besig is, die kursusse in die middag kan bywoon en omgekeerd.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.9 | • Die pryse vir/koste verbonde aan die verskillende kursusse<br>• Hoe mense vir die kursusse gaan betaal/hoe die betaling werk/of daar enige voordele is, bv. afslag<br>• Tye van die sessies/wanneer die klasse begin/ophou<br>• Die vereistes vir die verskillende kursusse (bv. om jou eie musiekinstrument/kunstoerusting saam te bring).<br>• Die adres van die leersentrum<br>• Of daar 'n vervoerdiens beskikbaar is (vir jonger en ouer mense)<br>• Hoeveel kursusse iemand op een slag mag bywoon<br>• Moontlike beroepe gekoppel aan kursusse<br>• Sukses/slaagsyfer van die kursus<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[10]** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
28 -05- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**
[Verwerk uit *Mama Taxi*]

| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
|---|---|---|
| 4.1 | Goeiste(!)<br>*(Slegs EEN woord)* | 1 |
| 4.2.1 | mislei | 1 |
| 4.2.2 | • Frikkie ...<br>o gebruik die woord "regtig"/sê/skree die woord hard/roep die woord uit.<br>o beklemtoon die "mý".<br>o wys met sy duim na homself./vra die vraag of dit vir hom is.<br>o se glimlag wys dat Mavis se woorde hom bly/gelukkig maak.<br>• Daar is 'n ...<br>o uitroepteken.<br>o vraagteken.<br>o aksentteken op die "mý".<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.3 | FRIKKIE SE WOORDE:<br>• Hy vra WAT met twee vraagtekens/WAT(??)/Daar is twee vraagtekens (na Frikkie se woorde).<br>• Hy sê NEE met twee uitroeptekens/NEE(!!)<br>• Hy skree WAG op 'n uitgerekte manier/W-A-A-G(!!)/WAG<br>• Hy skree dat Mavis moet terugkom, (want hy wil uitvind wat aangaan).<br>VISUELE TEKENS:<br>• Die beweging/strepies dui aan dat Frikkie se kop draai/in die rondte tol.<br>• Dit lyk asof Frikkie heeltemal in die rondte draai (soos iemand wat nie weet wat aangaan nie).<br>• Die hartjie en sweetdruppels dui sy verskillende emosies aan (gelukkigheid teenoor verwardheid).<br>• Dit lyk asof Mavis vir hom waai, al ry sy weg.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 4.4 | • Thandi vra of **sy/Mavis** regtig 'n serp vir die spietkop **brei**.<br>• Thandi vra of **sy/Mavis** regtig vir die spietkop 'n serp **brei**.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 4.5 | B/Mavis sarkasties teenoor Thandi. | 1 |
| 4.6 | 'n | 1 |
| 4.7.1 | • Thandi het 'n lelike/kru woord/vloekwoord/slegte woord gesê.<br>• Thandi het lelik gepraat/gevloek/onaanvaarbare taal gebruik.<br>• Die tekens staan in die plek van iets leliks wat Thandi gesê het.<br>• Sy sê iets onbeskof./Sy is rou. *(Dialektiese variasie)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.7.2 | Thandi, ...<br>• moenie so lelik praat/vloek nie<br>• 'n mens/meisie praat nie so nie<br>• nee man, dis nie nodig om so te praat nie/nee<br>• ek het jou nie so/dit geleer nie<br>• wat sal die ander mense van jou dink as hulle moet hoor/weet hoe jy praat<br>• wie het jou so leer praat<br>• ek gaan jou mond met seep uitwas<br>• dit is nie mooi om so te praat nie<br>*(Enige EEN of soortgelyke, gepaste antwoord. FOKUS: afkeur van die kru taal)* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5.1**

**TEKS F: ARTIKEL**
[Verwerk uit *Netwerk24/Beeld*, Maandag 20 November 2023]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | • Tegnologie **sal** al meer in skole **gebruik word**.<br>• Tegnologie **gaan** al meer in skole **gebruik word**.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.2 | kreatiewe *(sp)* | 1 |
| 5.1.3 | af-ge-lo-pe OF af+ge+lo+pe OF af/ge/lo/pe<br>*(Enige EEN. Die verdeling moet volledig wees.)* | 1 |
| 5.1.4 | in | 1 |
| 5.1.5 | Voorbeeld waar **by** in 'n ander betekenisverband gebruik word, bv.:<br>• Daar is 'n **by** op die blom. *(S.nw.)*<br>• Die pasiënt is nog nie heeltemal **by** na die operasie nie. *(ww)*<br>• Die kalf het **by** geboorte 36kg geweeg. *(Bywoord)*<br>• Ek het geen vuurhoutjies **by** my nie. *(Voorsetsel met ander betekenis, met/aan/op)*<br>• Die teater bied sitplek vir **by** die 100 mense. *(voorsetsel met ander betekenis, omtrent.)*<br>• Trek 'n kruisie **by** my naam. *(voorsetsel met ander betekenis, langs)*<br>• Die TV-span was **by** om die geleentheid te vier. *(bywoord)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Enige sin waar die homoniem van die woord duidelik is.)* | 1 |
| 5.1.6 | tweede *(sp)* | 1 |
| 5.1.7 | meeste *(sp)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.8 | hom | 1 |
| 5.1.9 | prys/toekenning/beloning/erkenning | 1 |
| 5.1.10 | (Hierdie geleentheid is ook gebruik) **om** die wenners van 'n ander kompetisie **te** vereer. | 1 |
| 5.1.11 | moeilike/ingewikkelde *(sp)* | 1 |
| 5.1.12 | d.m.v.<br>*(Leestekens moet korrek wees)* | 1 |
| 5.1.13 | **Nadat** die kompetisie vir die eerste keer gehou **is**, **is** die wenskole aangewys.<br>*(LET WEL: Die kandidate verdien 1 punt vir die woordorde – twee werkwoorde wat geskuif het – en 1 punt vir die komma wat op die korrekte plek tussen die twee werkwoorde is)* | 2 |

**VRAAG 5.2**

**TEKS G: PRENT**
[Verwerk uit *Google Images*]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | fotograaf *(sp)* | 1 |
| 5.2.2 | langs | 1 |
| 5.2.3 | truit**jie** *(sp)* | 1 |
| 5.2.4 | gestreep**te** *(sp)* | 1 |
| 5.2.5 | • Daar lê niks op die tafel nie.<br>• Daar lê nie iets op die tafel nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.2.6 | (haar)styl *(sp)* | 1 |
| | | **[20]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **80** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
28 -05- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION